



SARL NUUS SONDAG 17 JUNIE 2018

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur ZS6JPL. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se web tuiste.

'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, www.sarl.org.za, afgelaai word en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

Ons begin vanoggend die bulletin met nuus van 'n stil sleutel.

Dit is met leedwese dat daar aangekondig word dat die sleutel van Garth Beresford, ZS6BER, stil geword het in Desember 2017.

Ons betuig ons opregte meegevoel aan sy familie en vriende.

POUSE

In die nuus vandag:

DIE SARL TOP BAND QSO GESELLIGHEID

DIE ZS SOTA NAWEEK

en

PASOP VIR VERNEUKERS OP DIE SARL RUIL WINKEL

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

Die SARL Nuusspan wens alle Vaders 'n gelukkige Vadersdag toe! Dit is ook Wêreld QRP Dag, dus skakel die versterker af, draai die krag op jou radio af en probeer QRP krag. Hoeveel kilometer per Watt kan jy bereik. Jy sal verbaas wees oor wat jy met QRP kan bereik.

DIE SARL TOP BAND QSO GESELLIGHEID

Die SARL Top Band QSO Geselligheid is 'n prettige aktiwiteit om kontakte op 160 meter tussen radio amateurs in Suider-Afrikaanse lande te bevorder en om radio amateurs aan te moedig om aansoek te doen vir die Suid-Afrikaanse Radioliga se Top Band-toekenning. Die QSO Geselligheid vind plaas vanaf 00:00 UTC op Donderdag 21 Junie tot 00:00 UTC op Maandag 25 Junie 2018 en is oop vir alle gelisensieerde amateurs wat toegang tot die 160-meter-band het.



Aktiwiteit vind plaas op gelykgolf tussen 1 810 en 1 838 kHz en op die foon tussen 1 840 en 2 000 kHz. Die uitruiling is 'n RS- of RST-verslag en jou provinsiale of lands afkorting. Elke stasie kan een keer per modus gewerk word, d.w.s een keer per foon en een keer per gelykgolf en elke kontak sal drie punte (3) tel. Elke Suid-Afrikaanse roep gebied en elke DXCC-land wat gewerk word, sal met vyf (5) addisionele bonuspunte toegeken word.

Logstate in die ADIF-, Cabrillo- of MS Excel-formaat met 'n opsommingsblad genaamd "my roepsein Top Band" moet ingedien word teen 2 Julie 2018 per e-pos aan contest@sarl.org.za. Verwys na die Algemene Reëls 3.6 en 5.1 tot 5.6 vir besonderhede oor logstate en opsommingsblaaie.

ZS SOTA NAWEEK

Lucas Swart, ZS6ACT, het gereël dat die SOTA-span van Sid, ZS5AYC en Adele, ZS5APT Tyler en Lucas, ZS6ACT en Magda ZS6MMS Swart die naweek van 28 Junie tot 1 Julie twee pieke in die Sani Pass-omgewing sal aktiveer. Die twee 10-punt pieke is ZS/KN-010, Hodson's Peak Suid op 3 256 m en ZS/KN-011, Hodson's Peak Nood op 3 251 m, albei is in Ruitblok KG40PJ. Jagters is nodig, diegene wat nie daarvan hou om in die koue uit te gaan nie, hulle kan vanuit hul radiokamers jaag!

Die span sê dit sal wonderlik wees as ons dit 'n Suid-Afrikaanse SOTA-naweek met moontlike piek tot piek (S2S) -kontakte. Miskien selfs S2S met ander SOTA-verenigings!

As iemand by die span in Lesotho wil aansluit, is jy meer as welkom. Die spanne kan verdeel word en S2S QSOs tussen die twee Hodson pieke maak. Jy moet 'n geldige paspoort hê en reël vir akkommodasie by die Sani Backpackers Lodge. Daar is 'n restaurant aan die bokant van Sani Pas en die hoogste Kroeg in Afrika - redelik duur. Die span sal selfversorgend wees, maar die restaurant maak 'n heerlike sop wat bedien word met Basotho-brood en botter. Wees voorbereid op sneeu!

Die span se plan is om albei pieke op Saterdag 30 Junie te aktiveer, hulle sal later deur die finale reëlins van die presiese tye en frekwensies deurgee. Hulle sal op Vrydag 29 Junie by die bokant van die Sani Pas aankom om te akklimatiseer! As jy nie by ons kan aansluit nie, wat van die aktiveering van 'n piek in jou area? Kom ons speel radio en geniet dit, óf deur deel te neem aan SOTA, Parke op die Lug (ZS Fauna en Flora) of RaDAR.

DIE TRU BAKEN NETWERK EN FT8

'n Paar weke gelede het 'n aantal produktiewe Tru Baken Netwerk (Reverse Beacon Network in Engels) nodes begin om FT8 seine op te merk, met behulp van die kombinasie van WSJT-X en 'n onvrygestelde Aggregator Weergawe 5. Die doel van hierdie beperkte Alpha-toets was om 'n gevoel vir die las en ander implikasies te kry van die opneem van FT8 kolle (spots) op die RBN. Die opvallendste kenmerk van FT8-kolle is hul blote hoeveelheid en dit blyk duidelik dat die byvoeging van FT8-kolle tot die vloei van kolle 'n groot impak kan hê op die infrastruktuur van die RBN.

"Ons weet regtig nie of die RBN-bediensers hoeveelheid kolle sal kan hanteer nie, " sê die RBN-span, "dus het ons besluit om navorsing te doen voordat die herfswedstryd seisoen op ons is." Met onmiddellik effek en op 'n Beta-toets basis sal die RBN se huidige kolvoer <http://telnet.reversebeacon.net-poort> 7000 sal slegs Gelykgolf



en RTD-kolle hanteer, terwyl <http://telnet.reversebeacon.net-poort> 7001 slegs vir FT8-kolle sal opgestel word. Sien www.reversebeacon.net/pages/FT8+Announcement+40 vir meer inligting.

Jy luister aan ŉ nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

PASOP VIR VERNEUKERS OP DIE SARL RUIL WINKEL

Tom Adams, ZS6OMT van Potchefstroom, het SARL Nuus vertel dat hy op die SARL Ruil Winkel geadverteer het vir 'n Elektroniese Morse-sleutel en het 'n antwoord van 'n Graham Mckinnon van Bredasdorp in die Wes-Kaap ontvang met mobiele nommer 083 338 0586. Tom het R350-00 in Mckinnon se ABSA-rekening op Vrydag 25 Mei 2018. Sedertdien kry Tom geen reaksie via die selfoon nie en het hy die Morse sleutel nie ontvang nie.

Kan iemand vir Tom help om uit te vind waar Graham Mckinnon is? Daar word vermoed dat Mckinnon werk doen by die Vloot skeepswerf in Simonstad. Tom kan per e-pos gekontak word by tomnoppie@telkomsa.net

WRC-19 VOORBEREIDINGS ONDER WEG

Voorbereidings vir die volgende Wêreld Radio-konferensie in 2019 het die afgelope paar weke voortgegaan met vergaderings by die ITU HK in Genève en CEPT Projek Span D in Estland. Vrywilligers van IARU en Lidverenigings is betrokke by twee belangrike agendapunte van belang vir amateur radio; aangaande 'n potensiele 50 MHz toekenning vir Streek 1 en Draadloos Krag Oordrag vir die laai van elektriese voertuie.

Vir die laasgenoemde onderwerp het die RSGB verdere inligting verskaf oor Draadloos Krag Oordrag, insluitend IARU- inligtingssessie skyfies en skakels na Ofcom-metings, op hulle WRC-19-fokus bladsy by <http://rsgb.org/main/news/special-focus/wrc-19/wrc-19-papers/> (RSGB Nuus)

DIT WORD BEPAAL DAT DIE RUIMTE STASIE DIGITAAL AMATEUR RADIO TV-STELSEL SENDER DEFEKTIEF IS

Die amateur radio op die Internasionale Ruimtestasie (ARIS) se "Ham Video" Digitale Amateur Radio TV (DATV) sender op die Internasionale Ruimtestasie (ISS) is defektief, wat nie aanboord herstel kan word nie. Ook bekend as HamTV, het die DATV-stelsel opgehou werk die middel van April en 'n daaropvolgende toets op 1 Junie met 'n tweede L/S band antenna op die Columbus module het misluk.

ARISS-EU-mentor Gaston Bertels, ON4WF, het gesê ARISS beplan om die sender terug te bring Aarde toe om dit te herstel, dit in afwagting van goedkeuring van die ruimte agentskap en die beskikbaarheid van ARISS-fondse. "Skole en bemanningslede wat opvoedkundige ARISS-skool kontrakte doen, is verheug om Ham Video te gebruik," het Bertels gesê. "Ons sal die beste doen wat ons kan om hierdie diens so gou moontlik weer te begin."

Na 'n uitgebreide toets is die Ham TV-stelsel eers in Februarie 2016 vir 'n ARISS-skool kontak gebruik. (Southgate ARC Nuus)

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING



Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is tans slegs 'n enkele, stabiele sonvlek sigbaar. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Amateurs kan goeie openinge op die 20 en 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

17 Junie - Vadersdag en Wêreld QRP Dag

21 tot 25 Junie - die SARL Top Band QSO Geselligheid 23 Junie - die Kaapstad ARS vergadering 28 Junie

tot 1 Julie - die ZS SOTA-naweek 1 Julie - die ZS5 Naelloop

7 Julie - die SARL Newbie QSO Geselligheid

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die SARL Top Band QSO Geselligheid is 'n prettige aktiwiteit om kontakte op 160 meter tussen radio amateurs in Suider-Afrikaanse lande te bevorder en om radio amateurs aan te moedig om aansoek te doen vir die Suid-Afrikaanse Radioliga se Top Band-toekenning. Die QSO Geselligheid vind plaas vanaf 00:00 UTC op Donderdag 21 Junie tot 00:00 UTC op Maandag 25 Junie 2018 en is oop vir alle gelisensieerde amateurs wat toegang tot die 160-meter-band het.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 660 kHz AM en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Potgooi deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. 'n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 230 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateur frekwensies.

Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Dennis Green, ZS4BS, geredigeer deur Johan de Bruin, ZS6JHB, en gelees deur

Die Afrikaanse Nuusspan groet nou en wens jou n mooi week toe. Totsiens.
